NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 15 AUGUSTUS 2021

# TWAALFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Die uitreiking na mense in die middestad(MES)***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Efesiërs 5:15-20; 1 Konings 2:10-12, 3:3-14**
**Psalm 111; Johannes 6:51-58**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 15 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Oggenddiens in die Kerk - Ds Hannes Burger |
| 09:30 | Kinderkerk – Gr 4-6 |
| | Deuroffer ten bate van MES Kaapstad |
| | Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| | **Geen** Aanddiens |
| 18:00 | Senior Kategese |
| **MAANDAG, 16 AUGUSTUS** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 17 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 18 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 10:45 | Fondse Kommissie – vergadering in konsistorie |
| 18:00 | Vrouelidmate Kommissie – vergadering |
| | Jeug Kommissie – vergadering – **soos gereël** |

| **DONDERDAG, 19 AUGUSTUS** |
|---|
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors: Optrede deur sanger<br>Geen Openbaring Bybelstudie<br>Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Kotie Jonas, Loami Olivier, Irma van Schalkwyk, Hannelie van der Westhuizen<br>19:00 Gemeentebediening en Blokleiers – vergadering in konsistorie |
| **VRYDAG, 20 AUGUSTUS** |
| |
| **SATERDAG, 21 AUGUSTUS** |
| |
| **SONDAG, 22 AUGUSTUS** |
| DERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br><br>09:30 Oggenddiens in Kerk<br>09:30 Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van Teologiese Kweekskool<br>Erediensspan 3 – Johan Norman<br><br>**Geen** Aanddiens<br>18:00 Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Martie Joubert (Othello) se suster is oorlede.
2. Amanda Randewijk (Klaradyn) is weer tuis.
3. Ds Chris Barnardo is Dinsdag 17 Augustus weer aan diens.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

15/08 Lizelle Wessels
16/08 Christine van der Merwe, Albert Marais, Bettie van der Watt, Marlene Kruger, Hanlo Naude
17/08 Mattie Oosthuizen, Monique Penderis, Marisa Gobregts, Rynard Summers
18/08 Rina Nel, Susan Weber, Mila van der Merwe, Anna-Marie Schäfer, Jeanru van der Merwe, JG Nel, Johnny MacArthur, Zylan de Bod
19/08 Esli Triegaardt, Tys Bester, Anita Jacobs, Mike Hagen
20/08 Adam Clark, Hannah Neethling, Doris Adamac

# NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

# EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

# JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

| | |
|---|---|
| 3de Kwartaal | 26 Jul - 1 Okt |
| 4de Kwartaal | 11 Okt - 15 Des |



# DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

***Alle voorrade is baie laag: Bikkies kos, Droë rantsoene, Toiletware, Melk, Koffie, ens.***



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

# JEUGKOMMISSIE PROJEK

Die Jeugkommissie vul leë glasflesse met sopbestanddele om 'n ***Jar Of Hope*** te maak wat saam met die kospakkies versprei word na behoeftige lidmate. Ons gee ook daarvan aan die Susan La Poorta Kinderhuis in Sarepta.

Hulle benodig die volgende

- "Split peas"
- Sop mengsel
- Lensies
- Blokkie "stock"
- Pakkies soppoeier

Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb duidelik JEUG/SOP.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**MES Kaapstad**

Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad is 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en werkloses. MES volg 'n holistiese diensmodel wat hulpbehoewendes rehabiliteer en bemagtig sodat hulle op 'n volhoubare basis onafhanklike lewens kan lei. Die holistiese diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention and intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en "*sustainable exit*" (werksgeleenthede, behuising, opvolg). MES glo dat elke persoon uniek is en daarom ontwikkel ons individuele bevorderingsplanne vir elke persoon wat ons help. Lees gerus meer van ons projekte op ons webblad.

# PROTEAHOOGTE GEMEENTE

WINTERMARK
30 Augustus - 4 September 2021

STALLETJIES | ARTS AND CRAFTS | LEKKER ETES

| Maandag tot Vrydag | Saterdag |
|---|---|
| 10:00 tot 19:00 | 09:30 tot 15:00 |

75 Heuwelstraat, Proteahoogte, Brackenfell

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
Kerkkantoor: 021 982 1041 | kkantoor@proteahoogte.co.za

# WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

# DE EIKE FONDSINSAMELING

## GROENBOKS

Hoe klink ’n boks propvol groente teen ’n bekostigbare prys vir jou? Dit is wat die Bottelary Plaaswyk teen die einde van Augustus 2021 vir ons gaan aanbied sodat die fondse van De Eike aangevul kan word. Clayton van Zyl, Bottelary se blokleier, neem die leiding en gaan 200 van hierdie **GroenBokse** met ’n verskeidenheid van groente in die gemeente verkoop.

Ingesluit in die GroenBoks gaan die volgende wees:

- 1 kg Aartappels
- 1 kg Uie
- Spinasie
- Kool
- Blomkool
- Beet
- Wortels
- Kropslaai

*(foto ter illustrasie)*

### Dit alles vir die winskoopprys van R130.00 !!!!

Wat moet jy doen om te deel in hierdie aanbod?

- Kontak die kerkkantoor om jou **GroenBoks** te bestel
- Betaal jou **GroenBoks** (die bestelling word eers bekragtig sodra die betaling ontvang is)
- Saterdag 28 Augustus 2021 tussen 9:00 en 12:00 gaan haal jy jou **GroenBoks** met heerlike vars groente by Clayton op die plaas Avalon, Bottelary Pad (net ná die robot by die Kuilsrivier Gholfbaan)

Kontak dus so spoedig moontlik die kerkkantoor gedurende kantoorure om seker te maak dat jy van hierdie heerlike vars, gesonde groente kry.

Tel nr 021 903 3818

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 tot 12:00

Onthou, daar is net 200 bokse beskikbaar. So, jy moet gou spring om teleurstelling te voorkom!!

# NUUS VAN DIE VROUEKOMMISSIE

Vandag, Sondag 15 Augustus, word op die jaarprogram aangedui as VROUESONDAG en VROUEDANKOFFERINSAMELING.

Jy mag dalk al gewonder het hoekom jy nog nie hierdie jaar ‘n Vrouedankoffer-koevertjie ontvang het nie.

Ons het besluit om nie hierdie jaar ‘n Vrouedankoffer-insameling te hou nie, aangesien die Vrouekommissie se aktiwiteite as gevolg van die Covid-pandemie baie aan bande gelê is en baie van die hoogtepunte op ons jaarlikse kalender noodgedwonge moet oorstaan na volgende jaar.

In hierdie buitengewone tye het die Vrouekommissie besluit om die beskikbare fondse te gebruik om die res van die kerk se bedrywighede te ondersteun, en ons wil alle vroue-lidmate aanmoedig om dieselfde te doen.

Ondersteun gerus die fondsinsamelingspogings, soos byvoorbeeld die GroenBoks wat tans aan die gang is. Hou ook die Akker dop vir toekomstige fondsinsamelings en raak daarby betrokke.

Ons sien saam met jou uit na die volgende lekker Vroue-kuier!

# UIT DIE BEEK 2022

## Spesiale voorverskyningsaanbod: Koop *Uit die Beek 2022* teen 20%-afslag

Gewone prys: R225,00

Afslagprys: R180,00




**Bestel *Uit die Beek 2022* voor 18 Augustus 2021 en ontvang 20%-afslag. Jy bespaar dus R45,00 op hierdie geliefde Bybelse dagboek.**

Vanjaar verskyn *Uit die Beek* weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos. Soos altyd word daar gepoog om die Bybel op 'n verantwoordelike manier te lees. Dit maak hierdie geliefde Bybelse dagboek geskik vir persoonlike stiltetyd, huisgodsdiens en Bybelstudiegroepe.

Met *Uit die Beek 2022* sit ons ons poging voort om *Die Bybel* binne vier jaar deur te lees. Ons lees vanjaar uit Eksodus, Rigters, Job, Spreuke, Jeremia en Amos. Asook Matteus, 2 Korintiërs, Efesiërs, Filemon, Hebreërs en Jakobus. Groot momente in die kerkkalender, soos Lydenstyd en die Pase, Pinkster, Koninkrykstyd en Advent word ook in ag geneem.

Bestel telefonies of per e-pos by die kerkkantoor (021 903 3818 / ngkeike@cybersmart.co.za) voor of op 18 Augustus 2021. Betaling geskied eers wanneer dit ontvang is.

# PREEKSKETS

**TEMA - Uiters versigtig!**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Efesiërs 5:15-21

Jy kry twee soorte mense: Verstandiges en Onverstandiges.

- En jy kry hierdie onderskeiding selfs in die kerk ook!
- Die verskil is hoe versigtig jy is hoe jy lewe...

1. **Gryp geleenthede aan**:
   - Elke dag is ‘n opeenvolging van geleenthede!
   - Ons lewe in konstante reaksie op daardie geleenthede.
   - Goed gebeur, en die manier waarop jy dit hanteer bepaal wat jy daarvan maak.
   - Die dwaas laat die geleentheid toe om sy reaksie te dikteer.
   - Die wyse laat die Gees sy reaksie op elke geleentheid bepaal.
   - Wat bepaal jou reaksies?

2. **Die geheim is om God se wil te ken**.
   - Die hartseer waarheid is dat ons vanself meestal dwaas is...
   - En dis maar reg so vir die ongelowige! Maar ons kan tog nie tevrede wees so nie.
   - Daarom moet ons moeite doen om God se wil vas te stel.
   - As dit die sleutel is vir ‘n wyse lewe, waar pas jy dan in?

3. **Die Antwoord**.
   - Die sleutelvers: “Laat die Gees julle vervul”.
   - Interessante parallel met drankmisbruik! Laat die Gees jou lewe oorneem.
   - Dan neem lof en dankbaarheid oor, en ‘n nuwe houding teenoor jou naaste (v21).
   - *Wees baie versigtig...*